SINODALE MOOIGENOEG KAMP 2015

Vir graad 8-12 leerlinge

Onder leiding van dr Wollie Grobler

Datum en tye

Die kamp **begin Saterdag 3 Oktober** met registrasie deur die loop van die oggend en **eindig Vrydag 9 Oktober om 11:00**.

KAMP op Mooigenoeg beteken binne in huisies slaap, elke dag lekker eet, snoepie, swem, warm water vir bad en stort en muurproppe vir jou sel se laaier en die girls se haardroërs! So, dus NIKS PRIMITIEFS NIE!

Ons het 'n Bybelstudie elke oggend, 'n geestelike praatjie in die aand, ons sing lekker *gospel songs*, daar is kompetisie *sports* in spanverband en baie aftyd vir jouself. O ja en sokkie die laaste aand...

Bring die volgende saam:

Beddegoed - slaapsak, kussing en kombers as jy gou koud kry.

Eetgerei - bord of papierborde, papbakkie, mes en vurk en lepel en 'n afdrooglap.

Bybel, pen en notaboek.

Jy kan ook 'n flits en kamera saambring.

Bring informele klere saam en ook swemklere, maar moenie vergeet om ook warm klere saam te bring nie, want die aande raak partykeer koud.

Daar is ook 'n Mooigenoeg Spar waar genoeg koeldrank, *chips, chocolates*, lekkers en ysies te koop is (daar is egter nie 'n ATM nie en geen kredietkaarte word aanvaar nie). Daar word ook geestelike T-hemde, armbande en kruisies, ensovoorts verkoop ten bate van oom Attie se Kaalvoet Bediening se werksaamhede.

Daar word ook 'n **kampfoto** geneem wat te koop aangebied word as jy sou belangstel. **Dus, gevolglik, met ander woorde: Bring harde *cash*!!**

Laat maar alle *Hubbly bubbly* pype en alkoholiese verversings tuis!

Kontak oom Attie of Wollie, of die Klipkerkkantoor as jy enige navraag het:

Attie Rall: Kampleier Mooigenoeg – 082 932 2922
Wollie Grobler – 082 829 8718
Klipkerk Kerkkantoor – 051 448 1419

Mooigenoegkamp 2015
3 Oktober – 9 Oktober

Inskrywingsvorm

Naam + Van……
Gebdatum……..
Huisadres……
……..
……..
Sel no
(Ouer)…….....…(Joune)……....
Skool en Gr…….
Kerkverband……
Medies en nr ……
Allergieë……

Hiermee vrywaar ons die organiseerders en verantwoordelike persone van enige skade en/of verlies wat my kind mag lei, met die wete dat die verantwoordelike persone alles in hul vermoë gedoen het om my kind se veiligheid te verseker.

Handtekening…….....

Datum……..

Kampkoste

R950 per kind (R50 afslag per kop indien meer as een kind uit dieselfde huis, en kerk- of skoolgroepe meer as 10).

Bankgegewens

NG Gemeente Bloemfontein Noord,
Absa Brandwag,
Tjekrekening,
490 580 026
Takkode: 632005
Verw:
Naam+van+ Mooigenoeg

Faks of e-pos bewys na
051 430 0747
Klipkerk@ cscape.co.za